16 Jun.

Uitgawe 2010/06/16

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so. (**Joh.5:19**). Ons kan God se werk effektief doen wanneer ons ons oë op Hom gerig hou. Om die ongelowiges te bereik, moet ons oë op God gerig wees. Jesus het elke ongelowige op 'n ander manier genader, want Hy het tyd met God gespandeer en geweet wat die effektiefste manier sou wees. God weet alles en dit is slegs met Sy hulp dat ons relevant sowel as effektief kan wees in hierdie donker wêreld. ***Hemelse Vader, vergewe ons asseblief vir al die kere wat ons voortgegaan het met ons eie planne sonder om vir U te raadpleeg. Ons kies hierdie dag om ons oë terug na U te draai en ons oor oop te hou vir U instruksie.***

Deurbraak : Sokker lei Suid-Afrikaanse kinders na Christus

Selfs al is die *FIFA 2010 Wêreldbeker* nie in die dorp nie, is sokker die gunsteling sport van kinders in Suid-Afrika. Dit is die rede hoekom die een bediening besluit het om sokker te gebruik om uit te reik na hulle met die transformerende krag van die Evangelie. Die spel wat hulle speel het wel 'n ander doel – 'n doel wat draai rondom die verskillende kleure van die sokker balle wat die seuns rondskop. Elke kleur simboliseer iets anders en saam vertel dit 'n storie. Swart is vir die sonde wat ons gepleeg het. Rooi is vir die bloed van Jesus wat ons sonde wegwas. Wit is vir die Heilige Gees en geel is vir nuwe skepping. "Hierdie balle is die rede vir 20 van my vriende se keuses om Jesus aan te neem," het die een seun gesê. (Webruimte: http://www.cbn.com/cbnnews/world/2010/June/Soccer-Leads-South-African-Kids-to-Christ/?cpid=EU_CWN_2010_162, 13/06/10). ***Prys die Here vir Sy knegte wat bereid is om na kinders uit te reik oor die vakansie periode. Bid dat die programme wat in die vakansie aangebied gaan word deur God se teenwoordigheid geseën sal word en dat elke kind 'n blywende ontmoeting met God sal hê. Bid dat elke besluit vir Jesus blywend sal wees – bid vir geestelike groei en dat elke kind toegang sal hê tot die geskrewe Woord van God.***

Bid vir jou gemeenskap: Vadersdag

Vadersdag word herdenk op die 20ste Junie 2010. Die idee om 'n dag te hê waar kinders hul pa's kan eer, het in Spokane, Washington begin. 'n Dame met die naam Sonara Smart Dodd het aan die idee van Vadersdag gedink by 'n diens op Moedersdag in 1909. Sy is deur haar pa, William Jackson Smart, grootgemaak nadat haar ma gesterf het. Sonara wou hê haar pa moet weet hoe spesiaal hy vir haar is. Dit is haar pa wat alle ouerlike opofferings gemaak het, en was in die oë van sy dogter 'n dapper, onselfsugtige, en liefdevolle man. (Webruimte: http://www.morning-glow.com/holidays/father/father.html, 15/06/10). ***Bid dat kinders die goeie eienskappe in hul pa's sal sien en maniere sal vind om hulle daarvoor te dank. Bid vir die kinders wat deur hul pa's mishandel of verwerp was; bid dat hulle die liefde van God die Vader sal leer ken en aanvaar. Bid vir mans wat sonder hul pa's grootgeword het en nou die taak het om hul eie kinders groot te maak – bid dat hulle God se aangesig sal soek vir inspirasie om lief te wees vir hul kinders en hulle te dissiplineer.***

Suid-Afrika : Jeugdag

Jeugdag is 'n herdenking van die Studente Opstand wat plaasgevind het in Soweto op 16 Junie 1976. President Jacob Zuma sal op 16 Junie 2010 die jeug toespreek by die Nasionale Jeugdag herdenking volgens die tema "*Working together for youth development through action".* (Webruimte: http://www.info.gov.za/speeches/2010/10061110351003.htm, 14/06/10). ***Bid vir die jeug van Suid-Afrika . Bid dat daar ook nou 'n opstand in hul harte sal wees om die doel van God vir hul lewens uit te leef. Bid dat hulle God se aangesig sal soek met vurige gebede en harte wat op Hom gerig is. Vra die Here om elke hartseer en teleurstelling wat deur die verlede veroorsaak is uit die weg te ruim en dat God genesing en herstel sal bring.***

Internasionaal : Afghanistan

'n Video wat wys hoe Afghaanse mans gedoop word en bid in Farsi het 'n groot opskudding in Afghanistan veroorsaak. Nadat dit op nasionale televisie uitgesaai is, het lede van die parlement gesê dat hierdie en enige ander geloofsversakers in die publiek tereggestel moet word. Hulle het ook aangevra dat buitelandse groepe van betrokkenheid ondersoek moet word. Sommige persone wat verdink word van bekering, se aktiwiteite was opgeskort. Bekering in Afghanistan is onwettig en enige persoon wat Islam verlaat kan met die dood gestraf word. Volgens *International Chrisitian Concern* (ICC), het nasionale Christene hulself weggesteek uit vrees vir gevangenisneming en moontlike teregstelling. (E-pos: win@win1040.com, 11/06/10). ***Bid vir gelowiges in Afghanistan om deur God se hand beskerm te word. Bid dat hul hoop en vertroue in die Here versterk sal word deur die Gees van die Lewende God. Bid dat God sal beweeg onder die lede van die parlement, dat harte verander sal word en dat hulle weggelei sal word van geweld en die verdrukking van Islam, na die vryheid en lewe van Jesus Christus.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com